**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **80c** Plaaslik
Other countries R1,10 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 313

CAPE TOWN, 17 JULY 1991

KAAPSTAD, 17 JULIE 1991

No. 13415

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1665. 17 July 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 139 of 1991: Prevention of Public Violence and Intimidation Act, 1991

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1665. 17 Julie 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 139 van 1991: Wet op die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, 1991

# ACT

**To provide for the prevention and control of public violence and intimidation; and for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 27 June 1991.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "Chairman" means the Chairman of the Commission; (x)

(ii) "Commission" means the Commission of Inquiry regarding the Prevention of Public Violence and Intimidation established by section 2; (iv)

(iii) "committee" means a committee established in terms of section 4; (iii)

(iv) "document" includes any book, pamphlet, record, list, circular, plan, placard, poster, publication, drawing, photograph or picture; (i)

(v) "inquiry" means an inquiry conducted by the Commission; (vi)

(vi) "institute" means an institution or body attached to a university, a research council or any other person whose object is or includes research in respect of particular matters; (ii)

(vii) "Minister" means the Minister of Justice; (v)

(viii) "premises" includes a building, structure, part of a building or structure, vehicle, conveyance, vessel or aircraft; (viii)

(ix) "public violence and intimidation" means public violence and intimidation, whether or not committed, presumably committed or alleged to have been committed to achieve any particular political aims; (vii)

(x) "Republic" includes the self-governing territories. (ix)

**Establishment and objects of Commission**

**2.** (1) There is hereby established a body to be known as the Commission of Inquiry regarding the Prevention of Public Violence and Intimidation.

(2) The Commission shall strive for a community free from public violence and intimidation.

**Constitution of Commission**

**3.** (1) The Commission shall consist of five persons appointed by the State President, of whom—

*(a)* one shall be —

(i) a judge or former judge of the Supreme Court of South Africa; or

(ii) a senior advocate who was involved in the enforcement of the law for a period of not less than 10 years,

who shall be the Chairman of the Commission; and

*(b)* one shall be a person who in the opinion of the State President is fit for appointment on account of his tenure of any judicial office, or on account of his experience as an advocate or attorney, or as a professor or lecturer in law at a tertiary educational institution in the Republic; and

*(c)* the other three shall be persons who, in the opinion of the State President, are fit for appointment on account of the fact that by reason

# WET

**Om voorsiening te maak vir die voorkoming en beheer van openbare geweld en intimidasie; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 27 Junie 1991.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "dokument" ook 'n boek, pamflet, aantekening, lys, omsendbrief, plan, plakkaat, aanplakbiljet, publikasie, tekening, foto of prent; (iv)

(ii) "instituut" 'n inrigting of liggaam verbonde aan 'n universiteit, 'n navorsingsraad of ander persoon wie se oogmerk is of insluit navorsing ten opsigte van bepaalde aangeleenthede; (vi)

(iii) "komitee" 'n komitee ingevolge artikel 4 ingestel; (iii)

(iv) "Kommissie" die Kommissie van Ondersoek insake die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie ingestel by artikel 2; (ii)

(v) "Minister" die Minister van Justisie; (vii)

(vi) "ondersoek" 'n ondersoek wat deur die Kommissie ingestel word; (v)

(vii) "openbare geweld en intimidasie" openbare geweld en intimidasie, hetsy dit gepleeg, vermoedelik gepleeg of beweer word gepleeg te wees om bepaalde politieke oogmerke te bereik, al dan nie; (ix)

(viii) "perseel" ook 'n gebou, bouwerk, gedeelte van 'n gebou of bouwerk, voertuig, vervoermiddel, vaartuig of lugvaartuig; (viii)

(ix) "Republiek" ook die selfregerende gebiede; (x)

(x) "Voorsitter" die Voorsitter van die Kommissie. (i)

**Instelling en oogmerke van Kommissie**

**2.** (1) Daar word hierby 'n liggaam met die naam die Kommissie van Ondersoek insake die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie ingestel.

(2) Die Kommissie moet hom beywer vir 'n gemeenskap vry van openbare geweld en intimidasie.

**Samestelling van Kommissie**

**3.** (1) Die Kommissie bestaan uit vyf persone deur die Staatspresident aangestel, van wie—

*(a)* een—

(i) 'n regter of voormalige regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika; of

(ii) 'n senior advokaat wat vir 'n tydperk van minstens 10 jaar by die toepassing van die reg betrokke was,

moet wees, wat die Voorsitter van die Kommissie is; en

*(b)* een 'n persoon moet wees wat na die oordeel van die Staatspresident geskik is vir aanstelling op grond van sy bekleding van die een of ander regterlike amp, of op grond van sy ondervinding as advokaat of prokureur, of as professor of dosent in die regte aan 'n tersiêre opvoedkundige inrigting in die Republiek; en

*(c)* die ander drie persone moet wees wat, na die oordeel van die Staatspresident, geskik is vir aanstelling op grond daarvan dat vanweë

of any other qualifications which they have they will promote the effective exercise or performance of the powers, duties and functions of the Commission.

(2) Any person appointed under subsection (1) shall hold office for a period of three years.

**Establishment of committees**

**4.** *(a)* The Commission may, with the concurrence of the Minister, establish as many committees as it may deem necessary for the effective exercise and performance of its powers, duties and functions.

*(b)* A committee shall consist of such number of persons, but not less than three, as may be determined by the Commission, and of whom at least one shall be a member of the Commission.

*(c)* The Commission shall designate a member of a committee who is also a member of the Commission, as chairman of the committee.

*(d)* The majority of the members of a committee shall form a quorum for a meeting of the committee.

*(e)* A committee shall after the conclusion of an inquiry conducted by it submit a report to the Commission for consideration.

*(f)* The Commission may on receipt of the report referred to in paragraph *(e)*—

(i) refer the matter back to the committee for such further inquiry as may be determined by the Commission;

(ii) make such further inquiry as it may deem necessary or desirable.

*(g)* For the purposes of the performance of its functions a committee shall have the same powers as those conferred upon the Commission in terms of this Act for the performance of its functions.

**Constitution and employment of institutes**

**5.** (1) *(a)* The Commission may, with the concurrence of the State President, appoint, either separately or jointly, as many institutes as it may deem necessary to assist it in the exercise and performance of its powers, duties and functions.

*(b)* For the purpose of paragraph *(a)* an institute shall consist of one or more persons attached thereto determined by the Commission.

*(c)* An institute shall perform the functions agreed to by it and the Commission.

(2) An institute shall after the conclusion of its functions submit a report to the Commission for its consideration.

(3) The Commission may on receipt of the report referred to in subsection (2) refer the matter back to the institute—

*(a)* for such further inquiry as may be determined by the Commission;

*(b)* to perform such further functions as the Commission may deem necessary or desirable.

(4) A member of an institute referred to in subsection (1) shall receive such remuneration as the Minister may, with the concurrence of the Minister of State Expenditure, determine.

**Remuneration of members of Commission and committees**

**6.** *(a)* A member of the Commission and of a committee who—

(i) is a judge or an officer in the public service shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, in addition to his salary and any allowance, including any allowance for reimbursement of travelling and subsistence expenses, which may be payable to him in his capacity as a judge or such an officer, be entitled to such allowance, if any, in respect of the performance of his functions as such a member as the State President may determine;

(ii) is not a judge or an officer in the public service, shall be entitled to such remuneration, allowances (including any allowance for reimbursement of travelling and subsistence expenses incurred by him in the performance of his functions as such a member), benefits and privileges as the Minister may, with the concurrence of the Minister of State Expenditure, determine.

ander kwalifikasies wat hulle besit, hulle die doeltreffende uitoefening of verrigting van die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die Kommissie sal bevorder.

(2) Iemand wat kragtens subartikel (1) aangestel is, beklee sy amp vir 'n tydperk van drie jaar.

**Instelling van komitees**

**4.** *(a)* Die Kommissie kan, met die instemming van die Minister, soveel komitees instel as wat hy vir die doeltreffende uitoefening en verrigting van sy bevoegdhede, pligte en werksaamhede nodig ag.

*(b)* 'n Komitee bestaan uit die getal persone, maar minstens drie, wat die Kommissie bepaal, en van wie minstens een 'n lid van die Kommissie moet wees.

*(c)* Die Kommissie wys 'n lid van 'n komitee wat ook 'n lid van die Kommissie is, as voorsitter van die komitee aan.

*(d)* Die meerderheid van die lede van 'n komitee maak 'n kworum uit vir 'n vergadering van die komitee.

*(e)* 'n Komitee moet na afloop van 'n ondersoek wat hy instel, 'n verslag vir oorweging aan die Kommissie voorlê.

*(f)* Die Kommissie kan by ontvangs van die verslag in paragraaf *(e)* bedoel—

(i) die aangeleentheid na die komitee terugverwys om die verdere ondersoek in te stel wat die Kommissie bepaal;

(ii) die verdere ondersoek instel wat hy nodig of wenslik ag.

*(g)* Vir die doeleindes van die verrigting van sy werksaamhede beskik 'n komitee oor dieselfde bevoegdhede as wat aan die Kommissie ingevolge hierdie Wet vir die verrigting van sy werksaamhede verleen word.

**Samestelling en aanwending van institute**

**5.** (1) *(a)* Die Kommissie kan, met die instemming van die Staatspresident, soveel institute, hetsy afsonderlik of gesamentlik, aanstel as wat hy nodig ag, ten einde hom by die uitoefening en verrigting van sy bevoegdhede, pligte en werksaamhede behulpsaam te wees.

*(b)* By die toepassing van paragraaf *(a)* bestaan 'n instituut uit een of meer persone daaraan verbonde wat die Kommissie bepaal.

*(c)* 'n Instituut verrig die werksaamhede waaroor hy en die Kommissie ooreengekom het.

(2) 'n Instituut moet na afloop van sy werksaamhede 'n verslag aan die Kommissie vir sy oorweging voorlê.

(3) Die Kommissie kan by ontvangs van die verslag in subartikel (2) bedoel die betrokke aangeleentheid na die instituut terugverwys—

*(a)* om die verdere ondersoek in te stel wat die Kommissie bepaal;

*(b)* om die verdere werksaamhede te verrig wat die Kommissie nodig of wenslik ag.

(4) 'n Lid van 'n instituut in subartikel (1) bedoel, ontvang die vergoeding wat die Minister met die instemming van die Minister van Staatsbesteding bepaal.

**Vergoeding van lede van Kommissie en komitees**

**6.** *(a)* 'n Lid van die Kommissie en van 'n komitee wat—

(i) 'n regter of beampte in die staatsdiens is, is, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, benewens sy salaris en enige toelae, met inbegrip van enige toelae ter vergoeding van reis- en verblyfkoste, wat in sy hoedanigheid van regter of so 'n beampte aan hom betaalbaar mag wees, ten opsigte van die verrigting van sy werksaamhede as so 'n lid geregtig op die toelae, indien daar is, wat die Staatspresident bepaal;

(ii) nie 'n regter of beampte in die staatsdiens is nie, is geregtig op die besoldiging, toelaes (met inbegrip van enige toelae ter vergoeding van reis- en verblyfkoste aangegaan deur hom by die verrigting van sy werksaamhede as so 'n lid), voordele en voorregte wat die Minister met die instemming van die Minister van Staatsbesteding bepaal.

*(b)* Different remunerations, allowances, benefits or privileges may be determined under paragraph *(a)* in respect of the Chairman, the other members of the Commission and the members of a committee.

**Functions of Commission**

**7.** (1) The Commission shall, subject to the provisions of subsections (3) and (4) and section 10(1)—

- *(a)* inquire into the phenomenon of public violence and intimidation in the Republic, the nature and causes thereof and what persons are involved therein;
- *(b)* inquire into any matter which, in the opinion of the State President, relates to any matter referred to in paragraph *(a)* and which the State President may refer to it for the purposes of inquiry;
- *(c)* inquire into any steps that should be taken in order to prevent public violence and intimidation;
- *(d)* make recommendations to the State President regarding—
  - (i) the general policy which ought to be followed in respect of the prevention of public violence and intimidation;
  - (ii) steps to prevent public violence or intimidation;
  - (iii) any other steps it may deem necessary or expedient, including proposals for the passing of legislation, to prevent a repetition or continuation of any act or omission relating to public violence or intimidation;
  - (iv) the generation of income by the State to prevent public violence and intimidation as well as the compensating of persons who were prejudiced and suffered patrimonial loss thereby;
  - (v) any other matter which may contribute to preventing public violence and intimidation.

(2) *(a)* Any person may by way of an affidavit or affirmed statement or in such other manner as the Chairman may determine or allow request the Commission to deal with a matter which relates to the phenomenon of public violence and intimidation referred to in paragraph *(a)* of subsection (1) in terms of the said subsection.

*(b)* If a person is being detained in terms of an order of a court of law or judicial officer or the provisions of any law, he may address a request referred to in paragraph *(a)* to the Commission in a sealed envelope, and such envelope shall be handed, unopened, to the Chairman by the person in charge of the place where such person is being detained or by any person designated by him.

(3) The Commission shall not be obliged to inquire into any matter brought to its notice under subsection (2) when, in its opinion, the request in question is of a vexatious or trivial nature, and shall in such a case inform the person who addressed such request to it accordingly.

(4) *(a)* When the Commission is satisfied upon evidence or information presented to it that an inquiry may adversely affect existing, instituted or pending judicial procedures or investigations which may lead to the institution of judicial procedures, evidence which is relevant to such procedures or investigations shall be dealt with by the Commission in such a manner that such procedures or investigations are not adversely affected.

*(b)* The provisions of paragraph *(a)* shall not preclude the Commission from taking cognizance of evidence given during such processes or inquiries which is relevant to its functions, and the Commission may take cognizance of the findings made during such processes and inquiries.

(5) *(a)* The provisions of subsection (1) shall not be interpreted as authorizing the Commission to inquire into any particular occurrence which took place and ended before the commencement of this Act: Provided that for the purposes of its functions in terms of subsection (1), the Commission may hear evidence and

*(b)* Verskillende besoldigings, toelaes, voordele of voorregte kan kragtens paragraaf *(a)* bepaal word ten opsigte van die Voorsitter, die ander lede van die Kommissie en die lede van 'n komitee.

**Werksaamhede van Kommissie**

**7.** (1) Die Kommissie moet, behoudens die bepalings van subartikels (3) en (4) en artikel 10(1)—

*(a)* ondersoek instel na die verskynsel van openbare geweld en intimidasie in die Republiek, die aard en die oorsake daarvan, en wie daarby betrokke is;

*(b)* ondersoek instel na enige aangeleentheid wat na die oordeel van die Staatspresident in verband staan met 'n aangeleentheid in paragraaf *(a)* bedoel en wat die Staatspresident na die Kommissie vir ondersoek verwys;

*(c)* ondersoek instel na stappe wat gedoen moet word ten einde openbare geweld en intimidasie te voorkom;

*(d)* aan die Staatspresident aanbevelings doen betreffende—

(i) die algemene beleid wat gevolg behoort te word ten opsigte van die voorkoming van openbare geweld en intimidasie;

(ii) stappe om openbare geweld of intimidasie te voorkom;

(iii) enige ander stappe wat hy nodig of dienstig ag, met inbegrip van voorstelle betreffende die aanname van wetgewing, om 'n herhaling of voortsetting van die een of ander handeling of versuim in verband met openbare geweld of intimidasie te voorkom;

(iv) die generering van inkomste deur die Staat ten einde openbare geweld en intimidasie te voorkom asook die vergoeding van persone wat daardeur benadeel is en vermoënskade gely het;

(v) enige ander aangeleentheid wat kan bydra tot voorkoming van openbare geweld en intimidasie.

(2) *(a)* Enige persoon kan by wyse van 'n beëdigde of bevestigde verklaring of op die ander wyse wat die Voorsitter bepaal of toelaat, die Kommissie versoek om met 'n aangeleentheid wat in verband staan met die verskynsel van openbare geweld en intimidasie bedoel in paragraaf *(a)* van subartikel (1), ingevolge genoemde subartikel te handel.

*(b)* Indien 'n persoon ingevolge 'n bevel van 'n geregshof of regterlike amptenaar of die bepalings van die een of ander wet aangehou word, kan hy 'n versoek bedoel in paragraaf *(a)* in 'n verseëlde koevert tot die Kommissie rig, en dié koevert moet deur die persoon in bevel van die plek waar so 'n persoon aangehou word of 'n persoon deur hom aangewys, aan die Voorsitter van die Kommissie onoopgemaak oorhandig word.

(3) Die Kommissie is nie verplig nie om ondersoek in te stel na 'n aangeleentheid wat kragtens subartikel (2) by hom aanhangig gemaak is, wanneer, na sy oordeel, die betrokke versoek van 'n kwelsugtige of beuselagtige aard is, en moet in so 'n geval die persoon wat dié versoek tot hom gerig het, dienooreenkomstig verwittig.

(4) *(a)* Wanneer die Kommissie op grond van getuienis of inligting aan hom voorgelê, oortuig is dat 'n ondersoek bestaande, ingestelde of hangende regsprosesse of ondersoeke wat tot die instel van regsprosesse aanleiding kan gee, nadelig kan raak, word getuienis wat met betrekking tot sodanige prosesse of ondersoeke relevant is, op so 'n wyse deur die Kommissie gehanteer dat genoemde prosesse of ondersoeke nie nadelig geraak word nie.

*(b)* Die bepalings van paragraaf *(a)* belet nie die Kommissie om kennis te neem nie van getuienis wat tydens genoemde prosesse of ondersoeke gelewer is en relevant is met betrekking tot sy werksaamhede, en die Kommissie kan kennis neem van die bevindings tydens sodanige prosesse en ondersoeke gedoen.

(5) *(a)* Die bepalings van subartikel (1) word nie uitgelê nie as sou dit die Kommissie magtig om ondersoek in te stel na enige besondere voorval wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet plaasgevind het en beëindig is: Met dien verstande dat vir die doeleindes van sy werksaamhede ingevolge subartikel (1) die Kommissie getuienis kan aanhoor en inligting kan inwin in verband met bedoelde voorval, indien sodanige getuienis of inligting, na die oordeel van die

gather information in connection with such occurrence, if such evidence or information is, in the opinion of the Commission, necessary for the proper performance of its functions.

*(b)* The Commission shall not inquire into occurrences in respect of which a prosecution, an inquest or an inquiry by an official commission of inquiry was instituted or completed before the commencement of this Act: Provided that the Commission may take cognizance of those proceedings, the evidence tendered thereat and the findings made in connection therewith.

**Powers of Commission for purposes of inquiry**

**8.** (1) When the Commission performs its duties and functions in terms of this Act—

*(a)* it may in its discretion determine the nature and extent of any inquiry referred to in section 7;

*(b)* it may, through the Chairman, or any member of its staff authorized thereto in writing by the Chairman, request from any person such particulars and information as it may deem necessary in connection with an inquiry;

*(c)* it may by notice in writing under the hand of the Chairman or a member of its staff designated in writing by the Chairman, addressed and delivered by such a member or a sheriff to any person, require such person, in relation to an inquiry, to appear before it at a time and place specified in such notice and to produce to it all documents or things in the possession or under the control of any such person and which the Commission may deem necessary in connection with that inquiry;

*(d)* it may, through the Chairman, or a member of its staff authorized thereto in writing by the Chairman, administer an oath to or take an affirmation from any person referred to in paragraph *(c)*, or any person present at the place referred to in paragraph *(c)*, irrespective of whether or not such person has been required under the said paragraph *(c)* to appear before it, and question him under oath or affirmation in connection with any matter which it may deem necessary in connection with that inquiry.

(2) Any person appearing before the Commission in terms of subsection (1)*(c)* who is not in the public service, shall be entitled to receive from moneys appropriated by law for such purpose as witness fees an amount equal to the amount which he would have received as witness fees had he been summoned to attend criminal proceedings in the Supreme Court held at the place mentioned in the written notice in question.

(3) When in the course of or after holding an inquiry the Commission is of the opinion that the facts disclose the commission of an offence by any person, it may, in addition to the other powers which it may exercise under this Act, at any time bring the matter to the notice of the Attorney-General.

(4) Any person questioned under subsection (1) shall, notwithstanding the provisions of any law or the common law to the contrary, but subject to the provisions of subsection (5)—

*(a)* be competent and compelled to answer all questions put to him regarding any fact or matter connected with the inquiry of the Commission notwithstanding that the answer may incriminate him;

*(b)* be compelled to produce to the Commission any document or thing in his possession or under his control which the Commission may deem necessary in connection with that inquiry.

(5) The provisions of subsection (4) shall not be interpreted as meaning that an incriminating answer referred to in subsection (4)*(a)* shall be admissible as evidence against the person concerned in any proceedings in a court of law or before any body or institution established by or under any law.

(6) The Chairman or any member of the staff of the Commission may, for the purposes of an inquiry, at all reasonable times enter upon and inspect any premises and demand and seize any document on or kept on such premises.

(7) *(a)* No person shall, without the written permission of the Chairman,

Kommissie, noodsaaklik is vir die behoorlike verrigting van sy werksaamhede.

(*b*) Die Kommissie mag nie ondersoek instel nie na voorvalle ten opsigte waarvan 'n vervolging, 'n geregtelike doodsondersoek of 'n ondersoek deur 'n amptelike kommissie van ondersoek reeds voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingestel of afgehandel is: Met dien verstande dat die Kommissie van bedoelde verrigtinge, die getuienis daarby aangebied en die bevindings in verband daarmee gedoen, kennis kan neem.

**Bevoegdhede van Kommissie vir doeleindes van ondersoek**

**8.** (1) Wanneer die Kommissie sy pligte en werksaamhede ingevolge hierdie Wet verrig—

(*a*) kan hy na goeddunke die aard en omvang van enige ondersoek in artikel 7 bedoel, bepaal;

(*b*) kan hy, deur middel van die Voorsitter, of 'n lid van sy personeel skriftelik deur die Voorsitter daartoe gemagtig, die besonderhede en inligting wat hy in verband met 'n ondersoek nodig ag, van enige persoon aanvra;

(*c*) kan hy by skriftelike kennisgewing onder die handtekening van die Voorsitter of 'n lid van sy personeel skriftelik deur die Voorsitter aangewys, gerig en afgelewer deur so 'n lid of 'n balju aan enige persoon, so 'n persoon aansê om met betrekking tot 'n ondersoek op 'n tyd en plek in die kennisgewing vermeld voor hom te verskyn en om alle stukke of voorwerpe wat so 'n persoon in sy besit of onder sy beheer het en wat die Kommissie in verband met daardie ondersoek nodig ag, aan hom voor te lê;

(*d*) kan hy, deur middel van die Voorsitter, of 'n lid van sy personeel skriftelik deur die Voorsitter daartoe gemagtig, 'n persoon in paragraaf (*c*) bedoel, of 'n persoon wat aanwesig is by die plek in paragraaf (*c*) bedoel, ongeag of so 'n persoon kragtens genoemde paragraaf (*c*) aangesê is om voor hom te verskyn of nie, 'n eed oplê of 'n bevestiging van hom afneem en hom onder eed of bevestiging ondervra in verband met enige aangeleentheid wat hy in verband met daardie ondersoek nodig ag.

(2) 'n Persoon wat ingevolge subartikel (1)(*c*) voor die Kommissie verskyn en wat nie in die staatsdiens is nie, is geregtig om uit geld wat vir dié doel by wet bewillig is, as getuiegeld 'n bedrag te ontvang wat gelyk is aan die bedrag wat hy as getuiegeld sou ontvang het indien hy gedagvaar was om strafregtelike verrigtinge by te woon in die Hooggeregshof, gehou op die plek vermeld in die betrokke skriftelike kennisgewing.

(3) Wanneer die Kommissie in die loop van of na 'n ondersoek van oordeel is dat die feite die pleging van 'n misdryf deur die een of ander persoon openbaar, kan hy, benewens die ander bevoegdhede wat hy kragtens hierdie Wet kan uitoefen, die betrokke Prokureur-generaal te eniger tyd daarvan verwittig.

(4) 'n Persoon wat kragtens subartikel (1) ondervra word, is, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet of die gemene reg, maar behoudens die bepalings van subartikel (5)—

(*a*) bevoeg en verplig om alle vrae te beantwoord wat aan hom gestel word aangaande enige feit of aangeleentheid wat met die ondersoek van die Kommissie in verband staan, al kan die antwoord hom inkrimineer;

(*b*) verplig om enige stuk of voorwerp in sy besit of onder sy beheer wat die Kommissie in verband met daardie ondersoek nodig ag, aan die Kommissie voor te lê.

(5) Die bepalings van subartikel (4) word nie so uitgelê nie dat 'n inkriminerende antwoord in subartikel (4)(*a*) bedoel, in verrigtinge in 'n geregshof of voor 'n liggaam of instelling by of kragtens 'n wet ingestel, as getuienis teen die betrokke persoon toelaatbaar is.

(6) Die Voorsitter of 'n lid van die personeel van die Kommissie kan vir die doeleindes van 'n ondersoek te alle redelike tye enige perseel betree en besigtig en enige dokument wat op sodanige perseel is of bewaar word, opeis en in beslag neem.

(7) (*a*) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die Voorsitter

disseminate any document submitted to the Commission by any person in connection with an inquiry or publish the contents or any portion of the contents of such document.

*(b)* No person may without the written permission of the Chairman peruse any document, including any statement, which is destined to be submitted to the Chairman or intercept it while it is being taken or forwarded to the Chairman.

(8) No person shall, except in so far as shall be necessary in the performance of the functions of the Commission, publish or furnish to any other person any report of the Commission or a copy or part thereof or information regarding the consideration of evidence by the Commission, unless and until the State President has released the report for publication.

**Sittings of Commission**

**9.** (1) The Commission may sit at any place in the Republic determined by the Chairman for the purpose of inspections *in loco* or to hear evidence or to deliberate.

(2) The majority of the members of the Commission shall form a quorum for a sitting of the Commission.

(3) *(a)* Subject to the provisions of paragraphs *(b)* and *(c)*, the proceedings of the Commission shall be open to the public.

*(b)* The Commission may in its discretion exclude any person, any category of persons or all persons whose presence is, in the opinion of the Commission, not necessary or desirable at its proceedings, from such proceedings or any part thereof.

*(c)* When a person required in terms of this Act to appear before the Commission alleges by way of an affidavit or affirmed statement or when it is so alleged in respect of such a person that there is on the grounds set out in such affidavit or affirmed statement reason to suspect that such a person or his nearest relatives may be killed, assaulted, injured, caused damage or prejudiced by any other person if it becomes known that such a person has given evidence before the Commission on any matter, the Commission shall exclude from the proceedings of the Commission at the time of the hearing of the evidence of that person or of evidence in connection with that person all persons whose presence, in its opinion, is not necessary or desirable.

(4) No person summoned or required to appear before the Commission in order to be questioned or to produce documents or things, shall be entitled to be represented by a legal representative, except with the consent of the Commission and to such extent as may be determined by the Commission.

(5) The proceedings of the Commission shall be recorded in such a manner as the Chairman may determine.

**Duties and powers of Commission after conclusion of inquiry**

**10.** (1) The Commission shall after completion of an inquiry prepare a report for submission to the State President and may at any time before the completion of the inquiry submit an interim report to the State President in respect of any matter which in its opinion should urgently be brought to the attention of the State President.

(2) The State President may at any time after the conclusion of an inquiry in accordance with the provisions of this Act, whether before or after the receipt of a report referred to in subsection (1), make known for public information the facts in question and the findings of the Commission which he deems necessary in the public interest.

**Staff of Commission**

**11.** (1) In the exercise of its powers and the performance of its duties and functions under this Act the Commission shall be assisted by officers in the public service made available for such purpose by the Director-General: Justice.

'n dokument wat in verband met 'n ondersoek deur enige persoon aan die Kommissie voorgelê is, versprei of die inhoud of 'n gedeelte van die inhoud van so 'n dokument publiseer nie.

*(b)* Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die Voorsitter 'n dokument, met inbegrip van 'n verklaring, wat bestem is om aan die Voorsitter voorgelê te word, insien of, onderwyl dit na die Voorsitter geneem of aan hom versend word, onderskep nie.

(8) Niemand mag, behalwe vir sover dit by die verrigting van die Kommissie se werksaamhede nodig is, 'n verslag van die Kommissie of 'n afskrif of 'n gedeelte daarvan of inligting met betrekking tot die oorweging van getuienis deur die Kommissie publiseer of aan iemand anders verstrek nie, tensy en voordat die Staatspresident die verslag vir publikasie beskikbaar gestel het.

**Sittings van Kommissie**

**9.** (1) Die Kommissie kan op enige plek in die Republiek deur die Voorsitter bepaal, sitting hou vir die doeleindes van inspeksies ter plaatse of om getuienis aan te hoor of om te beraadslaag.

(2) Die meerderheid van die lede van die Kommissie maak 'n kworum uit vir 'n sitting van die Kommissie.

(3) *(a)* Behoudens die bepalings van paragrawe *(b)* en *(c)* is die verrigtinge van die Kommissie vir die publiek toeganklik.

*(b)* Die Kommissie kan na goeddunke enige persoon, die een of ander kategorie persone of alle persone wie se teenwoordigheid, na die Kommissie se oordeel, by sy verrigtinge nie nodig of wenslik is nie, by dié verrigtinge of enige gedeelte daarvan uitsluit.

*(c)* Wanneer 'n persoon van wie daar ingevolge hierdie Wet vereis word om voor die Kommissie te verskyn, by wyse van 'n beëdigde of bevestigde verklaring beweer of wanneer iemand anders ten opsigte van so 'n persoon aldus beweer dat daar op gronde in daardie verklaring uiteengesit rede bestaan om te vermoed dat indien dit bekend word dat so 'n persoon oor die een of ander aangeleentheid voor die Kommissie getuienis afgelê het, hy of sy naasbestaandes deur enige ander persoon gedood, aangerand, beseer, skade berokken of benadeel kan word, moet die Kommissie alle persone wie se teenwoordigheid, na sy oordeel, nie nodig of wenslik is nie, ten tyde van die aanhoor van daardie persoon se getuienis of van getuienis in verband met daardie persoon, by die verrigtinge van die Kommissie uitsluit.

(4) Geen persoon wat gedagvaar is of van wie vereis word om voor die Kommissie te verskyn ten einde ondervra te word of om stukke of voorwerpe voor te lê, is geregtig om deur 'n regsverteenwoordiger verteenwoordig te word nie, behalwe met die toestemming van die Kommissie en in die mate wat die Kommissie bepaal.

(5) Die verrigtinge van die Kommissie word genotuleer op die wyse deur die Voorsitter bepaal.

**Pligte en bevoegdhede van Kommissie na afloop van ondersoek**

**10.** (1) Die Kommissie moet na afhandeling van 'n ondersoek 'n verslag vir voorlegging aan die Staatspresident opstel en kan te eniger tyd voor die afhandeling van die ondersoek 'n tussentydse verslag aan die Staatspresident voorlê ten opsigte van enige aangeleentheid wat na sy oordeel dringend onder die aandag van die Staatspresident gebring behoort te word.

(2) Die Staatspresident kan te eniger tyd na afloop van 'n ondersoek ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet, hetsy voor of na die ontvangs van 'n verslag in subartikel (1) bedoel, die betrokke feite en die bevindings van die Kommissie wat hy in die openbare belang nodig ag, vir openbare kennisname bekend maak.

**Personeel van Kommissie**

**11.** (1) By die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy pligte en werksaamhede kragtens hierdie Wet word die Kommissie bygestaan deur beamptes in die staatsdiens wat vir dié doel deur die Direkteur-generaal: Justisie beskikbaar gestel is.

(2) Any person appointed or designated to take down or record the proceedings of the Commission in shorthand or by mechanical means or to transcribe such proceedings which have been so taken down or recorded shall beforehand take an oath or make an affirmation in the following form:

I, A.B., declare under oath/affirm and declare—

*(a)* that I shall faithfully and to the best of my ability take down/record the proceedings of the Commission in shorthand/by mechanical means as ordered by the Chairman;

*(b)* that I shall transcribe fully and to the best of my ability any shorthand notes/mechanical record of the proceedings of the said Commission made by me or by any other person.

(3) No shorthand notes or mechanical record of the proceedings of the Commission shall be transcribed except by order of the Chairman.

(4) Every person employed in the performance of the functions of the Commission, including any person referred to in subsection (2), shall aid in preserving secrecy in regard to any matter or information that may come to his knowledge in the performance of his duties in connection with the said functions, except in so far as the publication of such matter or information shall be necessary for the purposes of the report of the Commission.

**Expenditure in connection with functions of Commission**

**12.** The expenditure in connection with the exercise of the Commission's powers or the performance of its duties and functions shall be paid out of money appropriated by Parliament for such purpose.

**Offences and penalties**

**13.** A person who—

*(a)* refuses or fails to comply with a notice under section 8(1)*(c)* or refuses to take the oath or to make an affirmation at the request of the Commission in terms of section 8(1)*(d)* or refuses to answer any question put to him under that section, or gives to such question an answer which to his knowledge is false, or refuses or fails to furnish particulars or information required from him under that section;

*(b)* insults, disparages or belittles the Commission, or anticipates the proceedings at an inquiry or the findings of the Commission in a manner calculated to influence such proceedings or findings;

*(c)* wilfully hinders or obstructs the Commission or a member of its staff in the exercise of its or his powers or the performance of its or his duties or functions;

*(d)* wilfully interrupts the proceedings at an inquiry of the Commission or misbehaves himself in any other manner in the place where such inquiry is held;

*(e)* in connection with any inquiry of the Commission does anything which, if such inquiry were proceedings in a court of law, would have constituted contempt of court;

*(f)* does anything calculated improperly to influence the Commission in respect of any matter being or to be considered by the Commission in connection with an inquiry;

*(g)* contravenes or fails to comply with any provision of this Act,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R4 000 or to imprisonment for a period not exceeding one year or to both such fine and such imprisonment.

**Limitation of liability in respect of anything done under this Act**

**14.** The Commission or any member of its staff or an institute or a person referred to in section 5(1)*(b)* shall not be liable in respect of anything done in good faith under any provision of this Act.

**Regulations**

**15.** (1) The Minister may make regulations as to—

(2) Iemand wat aangestel of aangewys is om die verrigtinge van die Kommissie in snelskrif aan te teken of op meganiese wyse op te neem of om sodanige verrigtinge wat aldus aangeteken of opgeneem is, te transkribeer, moet vooraf 'n eed of bevestiging in die volgende vorm aflê:

Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar—

*(a)* dat ek getrou en na my beste vermoë die verrigtinge van die Kommissie in snelskrif sal aanteken/op meganiese wyse sal opneem soos deur die Voorsitter gelas;

*(b)* dat ek enige snelskrifaantekeninge/meganiese opname van die verrigtinge van genoemde Kommissie deur my of iemand anders gemaak, volledig en na my beste vermoë sal transkribeer.

(3) Geen snelskrifaantekeninge of meganiese opname van die verrigtinge van die Kommissie word getranskribeer nie behalwe op las van die Voorsitter.

(4) Elke persoon wat diens doen by die verrigting van die Kommissie se werksaamhede, met inbegrip van iemand in subartikel (2) bedoel, moet ten aansien van enige aangeleentheid of inligting wat by die vervulling van sy pligte in verband met bedoelde werksaamhede tot sy kennis kom, geheimhouding help bewaar, behalwe vir sover bekendmaking van sodanige aangeleentheid of inligting vir die doeleindes van die Kommissie se verslag nodig is.

**Uitgawe in verband met werksaamhede van Kommissie**

**12.** Die uitgawe in verband met die uitoefening van die Kommissie se bevoegdhede of die verrigting van sy pligte en werksaamhede word betaal uit geld wat vir dié doel deur die Parlement bewillig word.

**Misdrywe en strawwe**

**13.** 'n Persoon wat—

*(a)* weier of versuim om aan 'n kennisgewing kragtens artikel 8(1)*(c)* te voldoen of weier om op versoek van die Kommissie ingevolge artikel 8(1)*(d)* die eed af te lê of 'n bevestiging te doen, of weier om op 'n vraag wat kragtens daardie artikel aan hom gestel is, 'n antwoord te verstrek, of op so 'n vraag 'n antwoord verstrek wat na sy wete onjuis is, of weier of versuim om besonderhede of inligting te verstrek wat kragtens daardie artikel van hom vereis is;

*(b)* die Kommissie beledig, neerhaal of verkleineer, of die verrigtinge by 'n ondersoek of die bevindinge van die Kommissie vooruitloop op 'n wyse wat daarop bereken is om dit te beïnvloed;

*(c)* die Kommissie of 'n lid van sy personeel by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy pligte of werksaamhede opsetlik hinder of belemmer;

*(d)* opsetlik die verrigtinge by 'n ondersoek van die Kommissie onderbreek of hom op 'n ander wyse in die plek waar die ondersoek gehou word, misdra;

*(e)* in verband met 'n ondersoek van die Kommissie iets doen wat, indien bedoelde ondersoek verrigtinge in 'n geregshof was, minagting van die hof sou uitmaak;

*(f)* enigiets doen wat daarop bereken is om die Kommissie onbehoorlik te beïnvloed ten opsigte van enige aangeleentheid wat die Kommissie met betrekking tot 'n ondersoek oorweeg of gaan oorweeg;

*(g)* 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

**Beperking van aanspreeklikheid ten opsigte van iets kragtens hierdie Wet gedoen**

**14.** Die Kommissie of 'n lid van sy personeel of 'n instituut of persoon bedoel in artikel 5(1)*(b)* is nie aanspreeklik nie ten opsigte van enigiets wat te goeder trou kragtens 'n bepaling van hierdie Wet gedoen is.

**Regulasies**

**15.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

(a) any matter required or permitted to be prescribed in terms of this Act; and

(b) generally, all matters which in his opinion are necessary or expedient to be prescribed to achieve the objects of this Act.

(2) A regulation under subsection (1) may prescribe penalties for any contravention of the provisions thereof or any failure to comply therewith, not exceeding a fine of R2 000 or imprisonment for a period of six months.

(3) Regulations under subsection (1) affecting State expenditure shall be made only with the concurrence of the Minister of State Expenditure.

**Short title**

**16.** This Act shall be called the Prevention of Public Violence and Intimidation Act, 1991.

(*a*) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word; en

(*b*) oor die algemeen, alle aangeleenthede wat na sy oordeel nodig of dienstig is om voorgeskryf te word ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) 'n Regulasie kragtens subartikel (1) kan vir 'n oortreding van die bepalings daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen, strawwe voorskryf wat 'n boete van R2 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande nie te bowe gaan nie.

(3) Regulasies kragtens subartikel (1) wat 'n uitwerking het op Staatsuitgawes, word slegs met die instemming van die Minister van Staatsbesteding uitgevaardig.

**Kort titel**

**16.** Hierdie Wet heet die Wet op die Voorkoming van Openbare Geweld en Intimidasie, 1991.

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300